

BTW-TERUGBETALINGS VIR ONDERNEMERS

Wat is 'n BTW-terugbetaling?

'n BTW-terugbetaling is 'n BTW-bedrag betaalbaar deur SARS aan 'n ondernemer waar

- die totale bedrag insetbelasting die totale bedrag uitsetbelasting oorskry in 'n bepaalde belastingtydperk, of
- 'n ondernemer wat 'n BTW-bedrag betaal het in oorskot van die bedrag wat aan SARS verskuldig was.

Hoe werk BTW-terugbetalings vir ondernemers?

'n Ondernemer word vereis om sy/haar BTW-aanspreeklikheid, ten opsigte van sy/haar toegekende belastingtydperk, te bereken deur insetbelasting (d.i. BTW wat gehef word op die aankoop van goedere en dienste en wat as aftrekking toegelaat word) te verreken teen uitsetbelasting (d.i. BTW wat gehef word op die verskaf van goedere en dienste deur die ondernemer). Die verskil word of aan SARS betaal (in die geval dat uitsetbelasting insetbelasting oorskry) of 'n terugbetaling word van SARS geëis (in die geval dat insetbelasting uitsetbelasting oorskry).

Indien 'n ondernemer geregtig is op 'n terugbetaling, moet SARS dit uitbetaal binne 21 werksdae, vanaf ontvangs van die korrek-voltooid BTW-opgawe ten opsigte van sodanige terugbetaling. Indien die terugbetaling nie binne 21 werksdae betaal is nie, moet SARS rente betaal, teen die voorgeskrewe tarief, op die bedrag wat terugbetaalbaar is. Alhoewel, die tydperk van 21 werksdae kan opgeskort word in welke geval geen rente betaalbaar is nie. Byvoorbeeld, 'n opgawe kan wesenlik onvoltooid of foutief wees, in welke geval die 21 werksdae opgeskort sal word totdat die ondernemer die opgawe regstel.

SARS kan ook 'n terugbetaling terughou in die geval waar, byvoorbeeld, die ondernemer nie geldige bankbesonderhede verskaf het nie, of nie al sy/haar BTW-opgawes ingedien het nie, of nie ander belastings betaal het wat deur SARS geadministreer word nie.

Mag 'n ondernemer beswaar maak of appèl aanteken wanneer SARS nie 'n BTW-terugbetaling goedkeur nie?

'n Ondernemer kan beswaar maak of appèl aanteken teen 'n besluit deur SARS om nie 'n BTW-terugbetaling goed te keur nie.

Die beswaar of appèl kan aanhangig gemaak word deur eFiling of elektronies by enige SARS-tak. Die beswaar moet binne 30 werksdae aanhangig gemaak word vanaf die datum van die aanslag, terwyl die appèl binne 30 dae vanaf die uitslag van die beswaar aanhangig gemaak moet word.

Met appèl, dui aan of jy van die alternatiewe dispuutoplossing (ADR) prosedures gebruik wil maak of eerder deur 'n litigasieproses.

Hoe word hoë-risiko BTW-terugbetaling eise geïdentifiseer?

SARS gebruik 'n risiko-enjin om objektiewelik enige risiko's te identifiseer wat met die terugbetaling gepaard mag gaan, wat verdere ondersoek en oudit magtig. Ondernemers wat vir eFiling geregistreer is kan van die 'Refund Dashboard' gebruik maak om die status van hulle terugbetalings te besigtig.

Ondernemers wat vir verdere verifiëring van hulle terugbetaling-eise uitgewys word, sal versoek word om stawende dokumente in te dien.

Top wenk: Na gevolg van bekommernisse met betrekking tot BTW-bedrog, sal die gebruik van derde party bankbesonderhede slegs van toepassing wees in twee gevalle - eerstens, waar die ondernemer 'n buitelandse maatskappy is, en tweedens, waar die ondernemer binne die bestek van 'n "groep maatskappye" val (d.i. die ondernemer is of 'n filiaalmaatskappy of 'n beheermaatskappy). In beide gevalle, moet die ondernemer die nodige magtiging van die rekeninghouer verskaf (byvoorbeeld, maatskappyresolusie) en SARS vryspreek teen enige moontlike verliese van bedrae wat in die genomineerde bankrekening inbetaal word. Die ondernemer word vereis om 'n VAT119i voltooi vir hierdie doeleinde.

Benodig jy hulp?

- Verwys na die *VAT404 Guide for Vendors* (Hoofstuk 12 – *Exports and Imports*)
- Verwys na Regeringskennisgewing nr. R. 316 'Uitvoerregulasies'

- Skakel die SARS-kontaksentrum by 0800 00 7277.
- Besoek jou naaste [SARS-tak](#).

Om die blad in ander tale te besigtig, klik op die skakels hieronder:

- [IsiZulu](#)
- [Sepedi](#)
- [Sesotho](#)
- [Xitsonga](#)